# PSALM 107

```
        C                     F    C
1.      Loof Yahweh, wat so goed is,
                    G      C
        en goed is sonder end!
        C                 F     C
        Meld dit, al wie behoed is,
            D         G
        verlos is uit ellend;
             F          G
        wat Hy uit elke land
           C                   G
        in vryheid weer herstel het,
        C                 F
        vry van die slaweband,
              C              G     C
        waarmee hul hom geknel het.

        C                 F   C
2.      Hy het hul moeë skrede
                  G     C
        gelei op regte baan
        C                 F   C
        om tot bewoonde stede
            D               G
        met blydskap in te gaan.
              F               G
        Laat hul Hom dank bewys
            C               G
        vir redding wat so soet is,
        C                    F
        Yahweh voor mense prys,
              C             G    C
        omdat Hy groot en goed is.

        C                F   C
3.      Die koper-kerkerdeure
                      G           C
        gebreek deur Yahweh's mag,
        C                 F     C
        wat ysters weggebeur het,
            D                 G
        verbreek het met een slag.
             F            G
        Sy volk is bly daarom:
           C                    G
        hul sien wat Hy gewerk het;
        C                          F
        maar boosaards staan verstom,
              C                G     C
        wat Yahweh's werk bemerk het.
```

```
         C                     F   C
4.       Laat hul met offerande
                           G         C
         Yahweh kom loof en dank,
         C                      F    C
         die werke van Sy hande
              D                    G
         vermeld met klare klank.
               F                     G
         Laat hul Hom dank bewys
            C                         G
         vir redding wat so soet is,
         C                          F
         Hom met hul offers prys,
                C                  G     C
         omdat Hy groot en goed is.
```